# Belasting kan beperk, maar nie vermy word




## 'Skuiwergat' is bloot lokaas



Nico van Gijsen

**Raad met jou rande**

Kom ons gesels belasting.

Laat ek net eers hierdie punt maak. As jy 'n belastingprobleem het, is jy geseënd met welvaart. Niks om oor te huil nie. Wees dankbaar en wens liewer vir goeie gesondheid, dis belangriker.

Ek kry kort-kort navrae oor hoe om belasting te vermy. Die woord "skuiwergate" is nie vreemd in sulke navrae nie. So kom ons begin hier.

Daar bestaan nie iets soos "skuiwergate" nie. Daar is net wat die wet toelaat en wat die wet nie toelaat nie. As die vraag oor "skuiwergate" 'n soeke na onetiese praktyke is, is ek bevrees daar word hier aan die verkeerde deur geklop.

As iemand 'n "skuiwergat" aan jou probeer smous, weet dit, jy is 'n slagoffer van sy of haar onetiese optrede. Skelms is skelms. Hulle is nie minder skelm met jou net omdat jy 'n kliënt is nie. Inteendeel. Jy is die eintlike prooi, die "skuiwergat" is bloot die lokaas.

### Nie als wat die keiser wil hê nie

Lang inleiding oor etiek. Neem dit maar ter harte en kom ons kyk na waar ons belasting kan beperk. Êrens in die boek op my bedkassie staan geskrywe, "gee aan die keiser, wat die keiser toekom". Ek sien daarin niks van "gee aan die keiser alles wat die keiser wil hê nie".

Daar is kortliks drie tipes belasting. Transaksionele belasting, belasting op inkomste en ons sogenaamde rykmansbelasting.

My raad oor hoe om transaksionele belasting te beperk, is eenvoudig. Koop minder. Dan betaal jy minder aan byvoorbeeld aksynsbelasting en BTW. As jy boonop nie op skuld koop nie, bespaar jy nog op rente ook. En kan jy meer spaar.

Inkomstebelasting? Jy kan vra vir 'n kleiner salaris as jy wil. Dan is jou belasting mos minder, of dalk niks, afhangend van hoe klein die "belastingvrye" salaris is waarmee jy tevrede gaan wees.

Vrystellings en aftrekkings op salarisinkomste is beperk. Ons kyk byvoorbeeld na die vrystelling (op die eerste R1,25 miljoen) van 'n salaris in die buiteland verdien. En die jaarlikse rentevrystelling (R23 800 per jaar as jy onder 65 is en R34 500 as jy ouer is) op beleggingsinkomste as die twee bekendste belastingvrystellings op inkomste.

Vir 'n belastingaftrekking kan jy kyk om die maksimum toelaatbare bedrag in 'n aftreefonds, ingesluit 'n uittree-annuïteit (UA), te spaar.

Dit is 27,5% van inkomste tot by R350 000 per jaar. Die beleggingsgroei in die UA-belegging is eweneens belastingvry. Gebruik dit.

### Rykmansbelasting?

Kapitaalwinsbelasting, of KWB, is nie 'n aparte belasting nie, dit is inkomstebelasting op kapitaalwinste. Dit word gehef op die wins op kapitaalbates, byvoorbeeld vaste eiendom en aandelebeleggings wat van die hand gesit word.

Jy kan die belasting vermy deur niks te besit nie. Of beperk deur gebruik te maak van die vrystellings en aftrekkings, wat outomaties geld wanneer jy die wins verklaar.

Jy kan ook, as ons praat van beleggings en jy val in 'n hoë inkomstegroep, gebruik maak van 'n lewensproduk (polis) om in te spaar, wat sowel jou inkomstebelasting as KWB-aanspreeklikheid aansienlik kan verminder. Gebruik dit.

### Wat van boedelbelasting?

'n Interessante punt oor boedelbelasting, vir diegene wat so soek na "skuiwergate", is dat dit slegs ter sprake kom (i) as jou netto boedel meer is as R3,5 miljoen en (ii) as jy iemand uit jou boedel wil bevoordeel.

Die tweede punt is baie belangrik. As jy regtig so sterk voel oor boedelbelasting vermy, kan jy alles gaan blaas voordat jy doodgaan. Kry tog net jou tydsberekening reg. Jy wil nie langer as jou geld leef nie.

Maar ek glo ons wil almal iemand bevoordeel uit ons welvaart. En soos met ander persoonlike belastings is daar hier ook vrystellings (byvoorbeeld die R3,5 miljoen) en aftrekkings ('n hele rits - toegelaat in art. 4 van die Boedelbelastingwet (Wet 45 van 1955) - voordat jy by die netto boedelwaarde uitkom).

Alles wat jy aan 'n langslewende gade bemaak, is aftrekbaar vir boedelbelasting. Gade sluit in iemand met wie jy in 'n langtermynverhouding is, wat bedoel is om permanent te wees. Maar dan kan daardie persoon, die langslewende, met 'n boedelbelastingprobleem sit. Dit is dus meer 'n uitstel as 'n beperking van belasting.

Bates in 'n trust kan, mits die trust reg opgerig is en mits dit korrek bestuur word, met vrug aangewend word om boedelbelasting te beperk.

Trustbates val nie in jou boedel nie. Daar kan dus nie boedelbelasting gehef word op trustbates nie. Dit is nie joune nie.

Maar dan moet die trust bestuur word sodat dit duidelik is dat die bates in die trust nie joune is nie. En belangrik, dat jy nie beheer daaroor gehad het, of kon hê, tot jou voordeel nie. Anders geld art. 5(1)(f)ter van die Boedelbelastingwet en kan die waarde van die trusbates ingebring word vir boedelbelasting.

Ongelukkig is dit net hier waar die nut van 'n trust as 'n instrument in boedelbeplanning staan of val. In baie gevalle is dit val, want 'n trust laat hom oop vir "skuiwergate" om belastingspeletjies te probeer speel.

Ek sê juis probeer, want daar is net wat die wet toelaat en wat die wet nie toelaat nie.

Vir baie kom die nuus te laat (dalk ná dood) dat trusts minder "skuiwergate" en meer slaggate het.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.